McLACHLAN 100
ONS PLIG ONS LIG
1912 ~ 2012

**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

042-940-2775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 19/08 2022

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   Baie dankie aan mev. M.C. Kritzinger wat die afgelope maand die NW- en Teg-klasse waargeneem het. Ons het groot waardering daarvoor.

2. **ATKV-Tienertoneel:**

| | | |
|---|---|---|
| Produksiespan: | Regisseurs: | Janine Kritzinger, Riana Ferreira |
| | Klankredigering: | Michel Terblanche |
| | Verhoogbestuurder: | Miencke Strydom |
| | Beligtingsoperateur: | Olivier Kritzinger |
| | Klankoperateur: | Sesihle Khova |
| | Souffleur: | Miencke Strydom |
| | Opgeneemde stem: | Johan Schlechter |
| Rolverdeling: | Ramona (Sielkundige): | Cima Booysen |
| | Tanneman: | Ruwaldo Miggels, Lyndon Lindoor |
| | Storm (model): | Chanté Elford |
| | Marie (kerkvrou): | Anuscka Salomons |
| | Liz Koekemoer (“stripper”): | Kylie de Jager |
| | Emma (tandarts): | Sarah Labuschagne |
| | Amelia (verpleegster): | Bernia Botha |
| | Johanna (kleuterskooljuffrou): | Venay Matjala |
| | Sussie (“dom blond”): | Chanté Elford |

   Ons het die volgende uitsonderlike prestasies behaal in die ATKV-Tienertoneelkompetisie. Vanaf 10-13 Augustus is 11 toneelstukke opgevoer by “*The Little Theatre*”, waaronder baie groot skole ook deelgeneem het. Ons ontvang die volgende toekennings:

   - Cima Booysen — Beste aktrise in ‘n hoofrol.
   - Ruwaldo Miggels — Beste akteur in ‘n hoofrol.
   - Kylie de Jager — Beste aktrise in ‘n ondersteunende rol.

   Lyndon Lindoor is ook benoem vir beste akteur in ‘n hoofrol.
   - Miencke Strydom — Brons vir verhoogbestuurder.
   - Jurie en Janine Kritzinger en Riana Ferreira: — Brons vir die teks.
   - Ons verwerf ook ‘n brons toekenning vir die algehele produksie: Tanneman.

   Baie geluk aan almal wat deel was van hierdie produksie.

3. **Stulting-kunsfees:**

| | | |
|---|---|---|
| Fotografie: | Ruwaldo Miggels | silwer, B |
| | Nicola van Jaarsveld | 2 x goud, A+ ; goud, A++ |

herotel
IGEN

| | | |
|---|---|---|
| Kuns: | Lienke Strydom | silwer, B+ ; brons, C |
| | Nikita Alberts | goud, A+ ; silwer, B+ |
| | Justin Bezuidenhout | brons, C+ |
| | Kaylee Barnard | goud, A+ ; goud, A |
| | Jurie Kritzinger | goud, A+ |
| | Alana Johnston | silwer, B+ ; brons C+ |
| | Jumaré Murray | goud, A |
| | Cloë van Jaarsveld | diploma, 95% |
| | Marnelle Oberholster | goud, A |
| | Lilitha Ferreira | goud, A+ |
| | Nehan Johnston | silwer, B+ |
| | Igné Ferreira | silwer, B+ |
| | Frederick Mey | goud, A++ |
| | Nina Badenhorst | silwer, B+ |
| | Sarah Labuschagne | goud, A |

Baie geluk met hierdie pragtige prestasies.

4. **Toelatings – 2023:**
Aansoek om toelating vir nuwe gr. 2- tot 10-leerders sluit op 31 Augustus 2022. Vorms is by mev. Daleen Strydom beskikbaar. Geen laat aansoeke sal oorweeg word nie.

5. **Karoo to Coast – fietswedren: 25 September 2022:**
Hierdie geleentheid kom vinnig nader en **ons benodig 30 bestuurders** om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

6. **Vakature:**
'n ALGEMENE WERKER-pos is beskikbaar by Hoërskool McLachlan.
**Sluitingsdatum: 26 AUGUSTUS 2022**
**Diensaanvaarding: 1 SEPTEMBER 2022**

Rig aansoek (volledige CV) aan: Die Skoolhoof: e-pos: info@hsmclachlan. co.za

Die skoolbeheerliggaam behou die reg om nie 'n aanstelling te maak nie. Slegs suksesvolle kandidate sal gekontak word.

7. **Koshuis:**
Koshuisaansoeke vir 2023 is nou oop. Aansoekvorms kan afgehaal word by mev. Simoné van der Mescht. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 29 September. Daar is 'n deposito van R 400.00 voordat die leerder toegelaat word in die koshuis. Die deposito is betaalbaar sodra die leerder aanvaar is vir die koshuis. Die maandelikse kostes vir die koshuis is R 400.00 per maand vooruit betaalbaar. Onthou daar moet elke jaar weer aansoek gedoen word om jou plek in die koshuis te behou. Ouers sal 'n brief van aanvaarding ontvang sodra die leerder goedgekeur is om in die koshuis te bly.

8. **Departementele vervoer:**
Daar kan nou aansoek gedoen word vir departementele vervoer vir 2023. Aansoekvorms kan by mev. Simoné van der Mescht afgehaal word. Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 9 September. Onthou, jy moet jaarliks aansoek doen om plek op die bus te kry. Daar is slegs 34 plekke beskikbaar op die bus. Die eerste 34 vorms wat ontvang word en korrek ingevul is, sal plekke op die bus kry.

9. **Finansies:**
- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.
Die leerders het die skoolfondsrekening vir Augustus 2022 per hand ontvang. Ouers moet asseblief seker maak dat hulle dit by die kinders kry. Ons merk dat daar heelwat ouers is wat agterstallig is met die betaling van skoolfonds. Die skool kan nie die deure oophou

indien ouers nie hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom nie. Die leerders ontvang kwailiteit onderrig, dus is dit onregverdig dat betalende ouers, selfs onder moeilike finansiële omstandighede, leerders van ouers wat versuim om skoolfonds te betaal, moet subsidieer. Ons opregte dank aan ouers wat gereeld hulle finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 334415 |
| | Verwysing: | **Kind se naam + van** |

- Busgeld: (per kwartaal)
  Daaglikse roete:
  Misgund: R2 220
  Louterwater: R1 990
  Krakeel: R1 750
  Busgeld vir die derde kwartaal op die McLachlanbus moes op 1 Augustus 2022 betaal gewees het. Indien busgeld nie vereffen is nie, sal leerders ongelukkig nie verder van die busdiens gebruik kan maak nie.

- Die **kopieerkoste van R520** per leerder vir 2022 moes teen 25 Maart 2022 vereffen gewees het – daar is egter nog heelwat uitstaande. Ons versoek ouers vriendelik, dog dringend, om die uitstaande kopieerkoste so gou moontlik te betaal. Die skool moet huurgeld vir die fotostaatmasjiene betaal, en ink en papier koop. Ons maak staat op u samewerking.

- ‘n Inbetaling van R1130, met verwywing, “digitale inbetaling”, is op 28 Julie gedoen. Sal die persoon wat dit betaal het asb. vir mev. Mattheus skakel.

10. **Sport:**

- Landloop**:**
  Ons atlete het aan 3 uit die 5 ligas deelgeneem. Dit was vir baie van ons atlete ‘n nuwe ervaring, tog baie lekker. Ek kan met trots sê dat ons hierdie jaar 5 atlete gehad het wat aan die Sarah Baartman-kampioenskappe deelgeneem het. Hulle was Tashwin Maree, Jan Schoeman, Amoré Pietersen, Luaan Barnard en Kara Roberts. Tydens die Sarah Baartman-byeenkoms het Tashwin Maree ‘n silwer medalje verower en Kara Roberts, ‘n brons medalje. Hierdie twee atlete het deurgedring na die provinsiale kampioenskappe naby Oos-Londen, wat op 26 en 27 Augustus gaan plaasvind. Ons wens hulle alle sterkte toe en glo hulle sal ons skool (en distrik) se naam hoog hou.

- 0/12-rugbyproewe:
  Baie geluk aan Raynando van Rooyen en Caylipe Horing wat vir die 0/12-Kougaspan gekies is. Hul neem vanaf 26 -27 Augustus aan die “*EPPSRA U/12 Sub Union Tournament*” te Hoër Volkskool, Graaff-Reinet by.

- Uitslae:
  McLachlan en Paul Sauer het die afgelope week vriendskaplike wedstryde teen mekaar gespeel. Die sport het in ‘n goeie gees plaasgevind en elke speler het dit baie geniet om te speel.
  Uitslae soos volg:

  Netbal:

| | |
|---|---|
| 0/7 A | 1 gewen en 1 verloor |
| 0/8 A+B | Gewen |
| 0/9 A | Verloor |
| 0/10 A | Gelykop |
| 0/10 B/11A/12A/12B | Verloor |
| 0/13 A/14/15/2de span | Gewen |
| 1ste span | Gelykop |

  Rugby: 0/9 ; 0/11 ; 0/13 ; 0/15; 1ste span Verloor

herotel IGEN

- <u>Stulting-Sportdag: 26-27 Augustus:</u>
  Die volgende spanne neem deel aan die sportdag:

  <u>Vrydag: 26 Augustus:</u>
  Tennis – Meld 11:15 by Laerskool Stulting se klubhuis aan vir finale reëlings. Wedstryde begin om 12:00.

  <u>Saterdag: 27 Augustus</u>: Wedstryde vind plaas by Hoërskool Nico Malan en begin om 8:15. Program sal volg. Daar is 'n snoepie beskikbaar.
  Rugby – 0/9, 0/11, 0/13
  Netbal – 0/11, 0/12, 0/13A+B

- <u>Hoërskoolsportoefening</u>:
  Vanaf Dinsdag begin die hoërskool met atletiek en krieket oefening vanaf 14:40 – 15:45.

11. **<u>Landsdiens</u>:**
2-3 September gaan die landsdienslede 'n tuinprojek by Huis Bester aanpak. Ons gaan na skool begin met voorbereiding. Die Vrydagaand slaap die lede in die koshuis waar ons lekker saam gaan sing. Saterdagoggend na ontbyt pak ons die projek weer aan tot ongeveer 12:00. Ouers is meer as welkom om te kom help. Kostes vir die oorbly is R100 per kind. Gelde is betaalbaar by mev. Simoné van der Mescht.

12. **<u>Boogskiet</u>:**




C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Hoërskool McLachlan

McLachlan Internet Fasiliteit